

4 Junie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 2:11-36

Sonde, swakheid en oordeel

Die priesters, Hofni en Pinehas, was slegte mense wat nie met die Here rekening gehou het nie (2:12). Vanweë hulle sonde van hebsug (2:13-17) en hoerery (2:22) het die volk hulle agting vir die huis van die Here begin verloor. En nou is die vraag: hoe het hulle pa teenoor hulle opgetree? Op die swakste moontlike wyse! In plaas daarvan dat hy hulle afgesit het as priesters, het hy hulle vermaan met 'n klomp niksseggende woorde. Waarom? Sommige is van mening dat hy al te oud was, ander dat hy te besig was. Hoe ook al: hy was 'n swakkeling wat sy plig skandelik versuim het.

Geen wonder dat die Here 'n man na Eli toe gestuur het om die oordeel van God oor hom en sy familie aan te kondig! Die Here gaan die priesterskap van hulle af wegneem. En Hofni en Pinehas sal albei op een dag sterf (vgl 2:27-36). Wat Eli van dié boodskap gedink het, word nie gesê nie. Waarskynlik het hy besef: Ek het my plig gruwelik versaak. Daar is geen genade nie!

Liewe Pa en Ma, as julle julle pligte gruwelik versaak het teenoor julle kinders - moenie wanhoop nie! Ons het 'n Hoëpriester, Jesus Christus, wat aan die kruis vir al ons sondes betaal het. As ons met diepe berou om vergifnis smeek, stel Hy ons in staat om, deur die genade van sy Heilige Gees, ons kinders – nee! God se kinders wat Hy vir ons geleen het – te vermaan, te vertrou en op te voed in die vrese van sy Naam.

Sing: Psalm 128:3

Dr CJ Malan (Emeritus)